

Herskepping van die aardeplaneet



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

die volgende gedeeltes uit Jesaja – hfst. 65:17-25; hfst. 66:1-19, verse 19-21 en pertinent vers 21; asook Jes. 66:22-24.

Geheeteks:

“Kyk, Ek skep ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde. Die vorige dinge sal nie meer onthou word nie en nie in die gedagte opkom nie” (*Jesaja 65:17, NLV*).

Eendag lees ’n 12-jaar-oue seun ’n boek oor sterrekunde, waarna hy nie weer skool toe wou gaan nie. So neem sy ma hom dan na die huisdokter. Dié vra hom: “Billy, wat is fout? Hoekom wil jy nie meer skool toe gaan of jou huiswerk doen nie?” “Omdat ek in hierdie sterrekundeboek gelees het dat die son eendag gaan uitbrand en dat alle lewe op aarde dan tot ’n einde sal kom. Wat is die nut van enigiets doen as alles op die ou end vir ewig sal doodgaan?” Die seun se ma was byna hysteries. “Dis nie iets waaroor jy beheer het nie! Vergeet daarvan en kom tot jou sinne, my kind!”

Die dokter glimlag, effe geamuseerd, en sê vir Billy: “Jy hoef jou in elk geval nie hieroor te bekommer nie. Teen die tyd dat dit gebeur, is ons almal lankal reeds dood!” Die gesprek tussen die seun, die ma en die dokter onderstreep natuurlik ’n groot probleem: die siening dat alle lewe uiteindelik vir ewig sal doodloop. Gelukkig hoef ons bestaan nie by die dood te eindig nie. Inteendeel, ons het die opstandingshoop, asook die ewige lewe in ’n nuutgemaakte wêreld.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 27 Maart*

'n Nuwe hemel en 'n nuwe aarde (*Jes. 65:17-25*)

Lees Jesaja 65:17-25. Watter soort herstel belowe die Here hier?

Here belowe 'n herskepping, 'n belofte wat met die volgende woorde begin: “Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie” (*Jes. 65:17, OAB*). In hierdie merkwaardige profesie belowe die Here om “'n Jerusalem [te] skep wat vol blydskap is” en dat “sy inwoners... vreugde [sal] hê” (*vers 18, NAB*). Niemand in die stad sal meer 'n enkele traan stort nie (*vers 19*). Die inwoners gaan ook aansienlik langer as 'n honderd jaar lank lewe voordat hulle te sterwe kom (*vers 20*). Hulle werk en kinders sal behoue bly, sodat hulle vreugde daaruit kan put (*Jes. 65:21-23*). Wat meer is, die Here sal antwoord nog voordat hulle geroep het (*Jes. 65:24*).

Hoewel dit fantasties klink, is dit egter nie die finale herstel wat hier uitgebeeld word nie. Dit is nie die groot toekomschoop wat die Christen koester nie. Hoe so?

Die dinge wat Jesaja tot dusver beskrywe het, dui op 'n lang, rustige lewe in die Beloofde Land van ouds. Hoewel die mense langer leef as nou, kom hulle steeds te sterwe. Waar is die radikale transformasie van die natuur wat ons te wagte is, die skepping van 'n “nuwe hemel” en 'n “nuwe aarde” dan? Die antwoord kom in vers 25: “Die wolf en die lam sal saam wei, die leeu sal strooi vreet soos 'n bees, en stof sal die kos van die slang wees. Op my heilige berg sal niks verkeerds gedoen word nie, niks vernietig word nie, sê die Here” (*Jes. 65:25, NAB*).

Dit verg heelwat meer as 'n paar vegetariese kookklasse vir karnivore, soos leeus, om op te hou vleis vreet. Die aarde benodig 'n totale herskepping ten einde dit in sy eertydse skeppingsglorie te herstel, voordat sonde die dood in Eden gebring het. Hier in Jesaja 65 word die skepping van dié “nuwe hemel” en “nuwe aarde” as 'n proses uitgebeeld. Dit vind stapsgewys plaas en begin met die herskepping van Jerusalem. Vergelyk dit met hoofstuk 11, waar Jesaja voorspel dat die Messias geregtigheid sal bring (*Jes. 11:1-5*). Dán sal daar uiteindelik vrede op God se “heilige berg” – m.a.w. wêreldwyd – wees. Die beeldspraak in Jesaja is soortgelyk aan dié van hoofstuk 65: “Wolwe en skape sal dan saam bly... leeus sal gras eet soos beeste” (*Jes. 11:6 en 7, NAB*). Alhoewel die Here se “heilige berg” op Sionsberg in Jerusalem begin het, was dit net 'n voorskou van (of 'n simboliese vooruitwysing op) God se groot belofte: die skep van 'n nuwe wêreld vir sy verlore kinders.

‘n Hemelse “magneet” (*Jes. 66:1-19*)

Lees Jesaja 66:1-19. Met inbegrip van die tyd waarin Jesaja hierdie woorde geskryf het, wat is die basiese boodskap wat hy hier probeer tuisbring?

Deur die profeet herhaal die Here die waarskuwing wat Hy deurgaans in die boek Jesaja tot die volk rig, die beroep wat Hy voortdurend op hulle doen: Ek red en hervestig die ootmoediges, diegene wat vir my Woord bewe (*Jes. 66:2 en 5, OAB*). Net soos in Jesaja 40:1 sê die Here weer dat Hy hulle sal vertroos (*Jes. 66:13*). Nietemin gaan Hy diegene wat teen Hom rebelleer, vernietig. Hierdie rebelle sluit onder meer die volgende persone in: diegene wat die voorgeskrewe offer-rituele as hol simbole uitvoer, wie se brandoffers Hy in elk geval verwerp (*Jes. 66:3 en 4, vgl. Jes. 1:10-15*); en diegene wat sy getroue volgelinge haat en verwerp (*Jes. 66:5*); asook dié wat verfoeilike heidense gebruike navolg (*Jes. 66:17*), te wete die tipe wat in ’n stadium die tempel in Jerusalem binnegedring het (*Eseg. 8:7-12*).

Let op Jesaja 66:3. Wat sê dit vir ’n mens? Watter geestelike beginsels kom die leser hier teë? Hoe kan ’n mens dieselfde idees op ’n meer moderne wyse, binne die konteks van die kontemporêre Christen en sy/haar aanbiddingswyse verwoord?

Die Here is soos ’n magneet wat die nasies na Hom toe trek. Hoe gebeur dit? Jes. 66:18, 19.

Nadat God sy vyande verwoes het (*Jes. 66:14-17*), toon Hy sy heerlikheid aan die nasies. Sodoende trek Hy die nasies na Jerusalem, soos ’n magneet wat ystervysels aantrek (*vgl. Jes. 2:2-4*). Die Here gee vir die heidennasies ’n “teken,” hoewel Hy nie hier sê wat dit presies is nie. Klaarblyklik verwys dit na die vorige teken waarvan Jesaja melding maak – die feit dat God sy verbondsvolk vreugde en vrede skenk, en dat die grond weer oeste sal voortbring (*Jes. 55:12, 13*). Wanneer Hy sy heerlikheid ten toon stel – deur sy volk na ’n tydperk van verwoesting te herstel – is dit ’n teken dat Hy weer ’n welbehag in hulle het. Dit is net soos die reënboog wat Noag as ’n teken na die sondvloed ontvang het (*Gen. 9:13-17*).

Lees Jesaja 66:5. Wat beteken dit om vir die woord van die Here te bewe? Hoekom verag die Here dit van ons? Wat het jy, figuurlik gesproke, met jou hart gedoen as jy nie ontsag vir die woord van God het nie?

Sendelinge en kerkleiers (*Jes. 66:19-21*)

Hier lees ’n mens dat die oorlewendes bekeerlinge vanuit ander nasies as ’n offergawe na die Here sou bring. Wat beteken dit? *Jes. 66:19, 20.*

Ná die verwoesting wat God oor sy ontroue volk gebring het, stuur Hy diegene wat dit oorleef het uit oor die ganse aarde, na mense wat Hom nie ken nie. Wat doen hulle daar? “Hulle sal my heerlikheid onder die nasies verkondig” (*Jes. 66:19, OAB*). Hier het ons een van die duidelikste Ou-Testamentiese bybelverse aangaande sendingwerk. So, dit is nie net ’n geval dat die Hebreërs deur hul voorbeeld die aandag van ander nasies moet trek nie, maar ook dat party van die Hebreërs na ander nasies sal uitreik en hulle oor die ware God moet leer – ’n denkraamwerk wat uitdruklik in die Nuwe Testament genoem word. Die Jode het inderdaad sendingwerk in die tydperk tussen hul terugkeer uit Babilon en die tyd van Christus (*Matt. 23:15*) gedoen. Tog is die evangelie die eerste maal teen ’n snelle tempo en op ’n enorme skaal in die tyd van die vroeg-Christelike kerk verkondig (*Kol. 1:23*). Die Israeliete van ouds het graanoffers vir die Here in sy tempel gebring. Net so sou die sendelinge ook ’n soort offerande in die vorm van siele bring – “al julle broers... uit al die nasies” (*Jes. 66:20, OAB*). Die graanoffer was ’n soort geskenk aan die Here, ’n offergawe wat nie soos die offerdiere geslag is nie. Insgelyks sou die bekeerlinge as “lewende offers” (*vgl. Rom. 12:1*) na die Here gebring word. Hierdie idee dat iemand as ’n offergawe na God gebring kan word, bespeur ’n mens ook in die Jode se verre verlede, toe hulle nog woestynreisigers was. Let op die inwyding van die Leviete as ’n priesterlike klas, “as ’n offer wat die Israeliete vir die Here gee. Hulle moet dan in diens van die Here staan” (*Num. 8:11, NLV*).

In Jesaja 66 belowe die Here: “En ook sal Ek uit hulle priesters en Leviete neem” (vers 21, OAB). Waarop dui dit?

Die “hulle” waarvan vers 21 praat, is die “al julle broers... uit al die nasies” in die voorafgaande vers (*OAB*). Dit dui dus op nie-Jode; en uit hulle sou die Here sommige as aanbiddingsleiers kies, wat tesame met die priesters en Leviete georden is. Dit was ’n dramatiese keerpunt in die verhaal van God se volk. Voorheen het die Here slegs die afstammeling van Aäron as priesters georden; en as hulpers vir daardie priesters, slegs persone uit die stam van Levi. Dié nie-Jode kon egter nie letterlik afstammeling van Aäron of Levi word nie. Nietemin gee die Here hier die nodige magtiging vir sommige van die nie-Joodse bekeerlinge om die vermeldde ampte te beklee, ampte waartoe die meeste Jode geen toegang gehad het nie.

**Lees 1 Petrus 2:9 en 10. Aan wie rig Petrus sy skrywe? Wat sê hy hier? Watter boodskap het hy aan elkeen van ons, as moderne lede van God se “heilige volk?”
Vaar ons enigins beter as Israel van ouds (*Eks. 19:6*)?**

'n Geloofsgemeenskap (*Jes. 66:21*)

Die Israëliete was “’n koninkryk van priesters en ’n heilige nasie” (*Eks. 19:6, OAB*), met spesiale priesters as verteenwoordigers van die volk tydens aanbidding (d.w.s. priesters wat as aanbiddingsleiers gedien het). Tog sou nie-Jode uiteindelik ook aanbiddingsleiers word (*soos ons in Jes. 66:21 gesien het*).

Hoe sou hierdie verandering die herbooue Joodse geloofsgemeenskap raak? Lees Matt. 28:19, Hand. 26:20, Gal. 3:28, Kol. 3:11, 1 Tim. 3:16.

In God se nuwe bestel was die nie-Joodse gelowiges nie ’n minderwaardige toevoeging tot sy volk nie. Nee, Joodse en nie-Joodse gelowiges was gelykes. Hulle was geloofsgenote in ’n hegte gemeenskap en het tesame ’n “koninklike priesterdom” (*OAB*) gevorm. Jood teenoor nie-Jood – hierdie onderskeid sou feitlik nutteloos wees.

Wanneer is hierdie profesie (oor die afbreek van die skeidsmuur tussen Jood en nie-Jood) vervul?

Paulus, die groot sendeling aan die nie-Jode, skryf: “Daar is nie meer Jood of Griek nie... want julle is almal een in Christus Jesus. En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename” (*Gal. 3:28 en 29, OAB*). Om erfgename van die verbondsbelofte te word en derhalwe deel van dié verhewe “koninklike priesterdom” te wees, was egter nie ’n mandaat vir ’n selfvoldane elitisme nie. Inteendeel, dit was ’n gewyde roeping – om by die Jode aan te sluit, ten einde tesame “die verlossingsdade... [te] verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig” (*1 Pet. 2:9, NAB; vgl. Jes. 66:19*). Hierdie opheffing van die nie-Jode as gelykes in die Joodse gemeenskap het egter nie vir die Jode die reg gegee om te mor en kla oor hoe “onregverdig” dit is dat die nie-Jode dieselfde beloning as die Jode ontvang het nie. Insgelyks het nie-Joodse gelowiges nie toe skielik die reg gehad om hul Joods-gebore broers en susters te minag nie. Die gelykenis oor die dagarbeiders het vir beide groepe gegeld: dié wat vroegdag gehuur is, moes nie neersien op dié wat deur die loop van die dag gehuur is nie (*lees Matt. 20:1-16*). Die “woorde van God” (*Rom. 3:2, OAB*) is eers aan die Jode toevertrou. Hulle was die oorspronklike kanaal waarlangs die Here sy wil bekend gemaak het. Let, in dié verband, op Paulus se woorde aan die nie-Jode: “En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat ’n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet dan nie teen die takke roem nie” (*Rom. 11:17 en 18, OAB*).

So sal julle nageslag en julle naam bestendig wees (*Jes. 66:22-24*)

Lees Jesaja 66:22. Wat sê dit vir ons? Watter hoop kan 'n mens hieruit put?

Een van die mooiste beloftes in Jesaja is in hoofstuk 66:22 (*OAB*). Lees dit aandagtig deur. In die nuwe hemel en die nuwe aarde sal ons nageslag en ons naam vir ewig bly staan. Van uitdelg, afsny, inent, wegvoer en uitruk is daar nie meer sprake nie. Hier het ons 'n belofte van die ewige lewe, in 'n herskepte wêreld – een sonder sonde en die dood, sonder swaarkry en lyding. Dit is 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, die heel laaste bybelbelofte – die totale verwesenliking van alles waarin ons glo en waarna ons uitsien, die voltoering van alles wat Christus vir ons aan die kruis vermag het.

Let op die beskrywing van die nuwe hemel en die nuwe aarde in Jesaja 66:23. Hoekom word nuwemaansfeeste hier saam met die Sabbat genoem?

'n Mens kan hierdie moeilike bybelwers op uiteenlopende manier interpreteer. Hier is een van hulle: God het die Sabbat voor die ingebruikneming van die offerstelsel ingestel (*Gen. 2:2, 3*). Die weeklikse Sabbat het weliswaar 'n ereplek in laasgenoemde gehad. Tog was en is die Sabbat 'n losstaande instelling [wat die seremoniële wette voorafgaan]. Derhalwe sal sabbatsviering in die herstelfase na die wederkoms, en op die nuwe aarde daarna, onverpoosd voortduur. Nêrens in die Bybel lees 'n mens van nuwemaansfeeste wat, [soos die Sabbat], as 'n losstaande aanbiddingsgeleentheid gevier is nie. Intendeel, die nuwemaansfeeste was deel van die offerstelsel. Nietemin, gaan die nuwemaansfeeste dalk 'n spesiale aanbiddingsgeleentheid op die nuwe aarde wees (maar nie noodwendig 'n rusdag soos die weeklikse Sabbat nie). Miskien hou die toekomstige nuwemaansfeeste verband met die maandelikse siklus van die boom van die lewe (*Op. 22:2*). Oor die spesifieke betekenis van Jesaja 66:23 kan ons dus nie uitsluitel gee nie. Wat wel van kardinale belang blyk te wees, is die feit dat die kinders van die Here Hom tot in alle ewigheid gaan aanbid.

Waarom eindig Jesaja op so 'n ontstellende noot, met die verlostes wat staan en kyk na die oorskot van die onboetvaardige rebelle wat deur God vernietig is (*Jes. 66:24*)?

Vir verdere studie:

Aangaande die finale uitwissing van sondaars waardeur die aarde gereinig word, lees Ellen G. White, “The Controversy Ended” in *The Great Controversy*, bl. 662-678. “Namate die jare van die ewigheid verbygaan en telkens ’n nuwe voortbring, verkry die verlostes al dieper en glorieryker insigte oor God en oor Christus. Net soos die stapsgewyse toename in kennis, kom ook ’n toename in liefde, ontsag en blydskap. Hoe meer die mens van God leer, hoe groter ons bewondering vir sy [wonderbare] karakter. Keer op keer bespreek Jesus die verlossingsplan met hulle. So ontvou die kaleidoskopiese aard van die verlossingsplan dan, asook al die wonderbaarlike oorwinnings wat in die groot stryd teen Satan behaal is. Hierdie dinge spoor die vrygekooptes tot ’n vuriger toewyding aan, sodat hulle met ’n meer ekstatiесе vreugde as ooit tevore hul goue harpe optel en ’n loflied aanhef; met derduisende en tienduiseende stemme – ja ’n stortvloed van stemme – wat in harmonie saamsing en ’n crescendo bereik. “En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid!” (*Op. 5:13, OAB*). “Die groot stryd het tot ’n einde gekom. Sonde en sondaars is nie meer nie, ja die ganse heelal is silwerskoon. Harmonie en vreugde is al wat ’n mens hoor. Dit pols deur die ganse skepping. Vanuit die Skepper-God vloeï lewe en lig en geluk, wat deur die ganse, grenslose kosmos weerklink. Van die kleinste atoom tot die grootste planeet – ja, alle dinge in hul ongerepte skoonheid en volmaakte vreugde, hetsy lewend of nie-lewend – getuig tesame: God is liefde” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 678).

Vrae vir bespreking:

1. **Waarom is die belofte oor ’n ewige lewe in ’n nuwe hemel en op ’n nuwe aarde die hoeksteen van ons Christelike geloof? Het ons geloof enige nut sonder daardie belofte?**
2. **Lees 2 Petrus 3:10-14. Hoe weerspieël hierdie bybelverse dieselfde idee as Jesaja 66?**

Opsomming: Jesaja bied die leser ’n ongelooflik wydlopende toekomsblik. Die Here sou nie net die destydse Joodse volk as geloofsgemeenskap suiwer en herstel nie, maar dit ook sodanig vergroot sodat alle nasies deel daarvan kon (en voortaan kan) wees. Hierdie heropbou van die gemeenskap van gelowiges sal uiteindelik tot ’n herskepping van die ganse aarde lei, ’n nuwe wêreldbestel waarin die teenwoordigheid van die Here sy kinders vir ewig en altyd sal troos.